Arbeidsbediening

nuusbrief 2012 newsletter

Privaatsak/Private bag X8 • Bellville 7535 • Tel 021 957 7189/4 • cbrink@kaapkerk.co.za • www.arbeidsbediening.co.za

Sake-etiek in Afrika

Ek lees in Die Burger van Saterdag, 21 April 2012 (Business Ethics in Africa, Deon Rossouw) dat 'n besigheid se sukses primêr deur etiese gedrag bepaal word. Die groot vraag is egter hoe versoenbaar sakebesluite en etiese kwessies is?

As ek van ons gedurige oopvlekking en bevegting teen korrupsie en misdaad in die media hoor en lees, is ek oortuig daarvan dat, as ons die evangelie bestudeer en dit ons eie maak, ons wel daarin kan slaag om hierdie twee wêrelde van etiek en sakebesluite bymekaar kan laat aansluit.

Die sakewêreld se belangrikste bate is sy werknemers wat oor die nodige vaardighede moet beskik om van die besigheid 'n sukses te kan maak. Tog kan 'n besigheid nie net uit een werknemer bestaan nie en is 'n span werkers met verskillende vaardighede nodig om die besigheid suksesvol te kan bedryf.

Dit is ook so dat etiek ten diepste gemoeid is met wat reg en goed is en daarom direk te make het met die interaksie tussen mense – gehalte-interaksie. Dit is dan juis in dié evangelie waar jy beleef dat God met mense in gesprek tree en Hy mense deelnemers van gesprekke maak.

Volgens Deon Rossouw moet die belange van die betrokke partye wedersyds gerespekteer word wanneer sake tussen hulle beklink word. Dit geld ook vir wanneer sakelui met mekaar in gesprek tree. As dit nie gebeur nie, vind daar 'n vervreemding plaas tussen die onderneming en sy sosiale of maatskaplike vennote.

"Werk draai om saamwerk", volgens Rossouw. Dit is nie net mense alleen wat werk produseer nie, maar werk produseer ook mense – mense word gevorm en ontwikkel deur die werk wat hulle doen.

Om werknemers sensitief te maak vir mekaar en hulle te lei om te doen wat "goed" en "reg" is, behoort Christen-sakeleiers/-bestuurders geen geheim daarvan te maak dat alles van hulle besigheid aan God behoort en dat alle besigheidsbesluite in gebed aan God opgedra word nie.

Geregtigheid binne die sakewêreld is niks anders as billikheid nie. As 'n bestuurder sy werknemers met respek hanteer en gehalte-interaksie met sy werknemers bevorder, kan ek nie anders as om te glo dat so 'n besigheid suksesvol sal wees nie!

Carin Brink, Streeksbestuurder: Arbeidsbediening

Theology students visiting Industrial Ministry's work in practice.

"Plunge"-exposure to US theology students

From January 2012, the SCT (Supplementary Church Training) forms part of the program of the DRC and URC-Seminary for Ministry Formation at the Faculty of Theology, Stellenbosch University. It runs parallel with the academic program of the Faculty.

In the future Theology students will have to complete the program for Ministry Formation and they have to pass the academic program before being admitted to the ministry in the DRC andURC congregations.

The new seminary program was implemented in 2012 for the first and second year students. The third to six years (DRC) and three to five years (URC) will continue as before. The new program will be phased in gradually.

The focus of the seminary program is as follows:

- Spirituality and Personal Formation
- Calling Confirmation and Mentoring
- Ministry Formation by exposure to practical training assemblies and church ministries.

The third year's "plunge"-exposure to the workplace and church ministry in the workplace through Industrial Ministry, is part of the practical experience and Ministry Formation.

Since 2010 Industrial Ministry has been offering the space for Practice Training and guide students in their exposure to the church's public ministry.

This exposure is not optional – it is ultimately necessary for students before being admitted into church ministry.

Eddie Orsmond: simon1@paarlmail.co.za

Johan Botha lecturing the students.

Van die redakteur

Carin Brink

Ek is daarvan oortuig dat elke mens 'n lewensdroom het. Of jy dit nou kan verbaliseer of nie; dit is daar!

Ek weet ook dat daar gelowiges en ongelowiges is en dat mense mekaar binne hierdie drome wat ons najaag, teleurstel. Hoe oortuig ons mense van God se bestaan as hulle hul geloof ook in God totaal verloor het? As hulle nie meer 'n droom het om na te jaag nie?

In hierdie Nuusbrief wil ek jou uitnooi om in kontak te kom met mense wat drome het, maar ook diegene wat hulle droom verloor het. By die bediening aan Vissers in Houtbaai en Kalkbaai word nie-gelowiges se godsdienskwessies om 'n tafel met 'n koppie koffie bespreek – verhoudinge word gebou en drome herleef weer.

Lees hoe die Here 'n droom in 'n roeping omskep het en hoe die vroue van Buffeljagsrivier feesvier omdat hulle die omgee-hart van God met mekaar kan deel en dit weer kan uitdeel aan die mense wat so maklik misgekyk word.

Kom kry weer woema en lees hoe e-posboodskappe gebruik word om mense by wie ons nie kan uitkom nie, met die Goeie Nuus te bereik.

Met die ekonomiese agteruitgang word baie besighede, en dus ook mense en hulle omstandighede, geraak. Wat egter nooit verander nie, is mense se behoefte aan die evangelie en aan die ondersteuning van medegelowiges in die werkplek. Daarom kan Arbeidsbediening steeds voortgaan en bid ons dat die Here vir ons sal wys waar ons by sy plan kan aansluit.

Laat ons nooit daarvoor moeg word om God op aarde sigbaar te maak nie. Mag elke mens met wie ons te doen kry God se liefde ervaar en mag ons deur ons werk aan mekaar verbind word en aan God.

From the editor

I am convinced that every person has a dream for his or her life. Whether you can verbalize it or not; it is there!

I also know that there are believers and non-believers and that people disappoint one another in pursuing their dreams. How do we convince people of God's existence after they have totally lost their faith in God? If they no longer have a dream to pursue?

In this newsletter I want to invite you to contact people who have dreams, but also those who have lost their dreams. At the Fishermen Ministry in Hout Bay and Kalk Bay non-believers discuss religious matters at a table over a nice cup of coffee on a regular basis - relationships are built and dreams revived once again.

Learn how the Lord converted a dream into a mission and how the women of Buffeljagsrivier celebrate because they share the caring heart of God with each other and pass it on to those who are so easily overlooked.

Come and get revived – read how e-mail messages are used to communicate with people we cannot reach!

With the economic decline, many businesses, and therefore people and their circumstances, are affected. What never changes, however, is people's need for the gospel and the support of fellow believers in the workplace. Therefore, Industrial Ministry will continue to have a special role and we pray that God will show us where we can join Him in his plan.

Let us never tire of making God visible on earth. May every person that we encounter experience God's love and power, and may we become bound together and connected to God through our ministry.

Digitale woema!

Hoe gemaak as daar meer besoekpunte in jou omgewing se Arbeidsbediening as hulpwerkers is? Jy span die digitale wa in!

Gert Berning van die Strand het op dié blink idee gekom toe daar destyds 'n tekort aan hulpwerkers in die Helderberggebied was. Hy het besluit om werkers via die internet te begin bedien.

Hy skryf alreeds sedert einde-2008 weekliks 'n inspirerende boodskap en stuur dit dan per e-pos na hierdie besoekpunte. Elke werker ontvang dan 'n uitdruk volgens sy of haar taalvoorkeur – in Afrikaans, Engels of Xhosa en word sodoende in sy of haar eie taal geestelik bedien.

Hierdie bediening het vinnig so gewild geword, dat dit selfs nou ook in heelwat ander lande gelees word. Mense gebruik dit vir hulle persoonlike Bybelstudie of in groepe, of selfs om hulle werknemers geestelik te ondersteun. Die aantal mense wat e-nuusbriewe ontvang, trek al by meer as 2 100!

Gert skryf die boodskappe, sy swaer, Kobus Marais, doen die vertaling na Engels en ds Bennie Fourie vertaal dit na Xhosa. (Die Xhosa-vertaling is egter op die oomblik vir 'n aantal maande opgeskort omdat ds Bennie weer tydelik in 'n gemeente waarneem.)

Gert se vrou, Soma, en Kobus help met die taalversorging en die boodskap-inhoud. Die finale boodskap word ook soms vir kommentaar na 'n paar vriende (waaronder 'n paar predikante) gestuur.

Gert was 'n professor in fisika aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy het tien jaar gelede afgetree en hy en sy vrou woon tans in die Strand.

Indien jy ook graag hierdie e-posboodskappe weekliks wil ontvang, kan jy hom gerus kontak by ***gertberning@gmail.com.***



IMPAK "Getrou aan Christus in die Werkplek"

"Arbeidsbediening het ontstaan vanweë en bly voortbestaan ter wille van die kerk van Jesus Christus se getuienis in en om die wêreld van werk." So sê Johan Botha, PSD vir Getuienisaksie en betrokke by Arbeids-bediening se bestuur. Dié bediening se missie onderstreep dit juis.

Arbeidsbediening wil
- as die hele kerk van Christus -
deur werkende lidmate en geestelike werkers,
in die krag van die Heilige Gees,
betrokke wees in die markplek,
om daar die deugde en waardes van die evangelie,
só te beklemtoon en uit te leef,
dat die koninkryk van God,
in en om die arbeidswêreld,
duidelik sigbaar sal wees, asook gevestig en opgebou sal word.

Die eerste doelstelling van Arbeidsbediening (om hul missie hande en voete te gee) fokus daarop om lidmate van alle plaaslike gemeentes op te wek, toe te rus en te ondersteun om as dissipels van Jesus Christus in en om die arbeidswêreld *geloofsgetrou te werk en te getuig.*

Arbeidsbediening in die Kaapstad Metropool – IMPAK – besoek daarom graag in die loop van 2012 al die gemeentes van die NGK en VGK in die Kaapse metropool. IMPAK wil sodoende graag die leierskap en lidmate van hierdie gemeentes bewusmaak van die ondersteuning wat hierdie bediening aan hulle kan bied vir die uitlewing van hul roeping as gelowiges in en om die werkswêreld.

Ds Simon Konzapi, geestelike werker, en Sakkie Botha, bestuurder van IMPAK, werk in hierdie uitreik baie nóú saam om die VGK- en NGK-gemeentes in die metropool te besoek, in te lig en toe te rus met die oog op hulle eie bedieninge in en om die werkswêreld.

Kontak Simon Konzapi en Sakkie Botha gerus by impak@kaapkerk.co.za. Lees ook hulle webwerf www.arbeidsbediening.co.za

Sakkie Botha

Simon Konzapi

Biblia kiosk, place of inspiration

The Fishermen Ministry in Hout Bay has a kiosk (Biblia) where Bibles, Scriptures and other spiritual literature and resources are available to passing sailors. It offers a peaceful and hospitable space to visitors where they are served spiritually.

The kiosk is also visited regularly by members of the Xhosa community of Hout Bay, Imizamu Yethu. They are usually looking for a Bible and some coffee. Many Zionist church leaders work as government officials in the port and also visit the kiosk regularly. Many of them come from Central and North Africa and are dedicated Christians who are very open to dialogue.

Other recent visitors to the kiosk were students of the Theological School for the Deaf in Worcester and congregation members of the DRC Stellenberg. It is always a pleasure when fellow believers support our work and come to visit us personally.

In support of this ministry, we recently received a very welcome donation from the congregation members of the DRC Plumstead, as well as several New Testament Bibles in French from the members of the DRC Rondebosch.

Later this year, a short-term youth outreach team from the DRC Mossel Bay will come to help renovate the kiosk-building and to assist with outreach work. They will possibly also send a practical team who will help enlarge the kiosk in order to increase space so that it can accommodate more people.

- There is a great need in the kiosk for:
  - good training materials for church leaders
  - guidance regarding conflict resolution, stress and life crises
  - books about being a Christian - parental guidance, spiritual growth, being a single-mom, etc.

If you want to support this exciting initiative you can contact Rev. Gerhard Pietersen at gmpietersen@gmail.com / 084 317 8993.

'n Hoërskoolseun se passie word sy roeping na aftrede.

Hoe gebeur dit dat 'n jong hoërskool-seun se passie in sy latere lewe sy toewydingstaak by Arbeidsbediening raak?

Johan Schreuder was na sy aftrede vir dertien jaar by Arbeidsbediening in die Helderberg-kom betrokke. Maar hierdie passie het jare gelede al begin. Hy vertel:

"Ons gesin was altyd by die geestelike lewe van die plaaswerkergesinne op ons plaas, Naras (in die distrik van Griekwastad) betrokke. My ouers het gereeld vir die volwassenes gedurende die week geestelike boodskappe gebring en ook besef hoe noodsaaklik Sondagskool vir hulle kinders is.

"Ek en my ouer broer is vir hierdie kinders se katkisering ingespan. Ons het Sondae se NG Kerk-katkisasieklasse op die dorp bygewoon en dan dieselfde lesse die volgende Saterdagmiddag aan die jongspan op die plaas oorgedra. Ons het dit gedoen tot op die stadium dat hulle die finale afronding van veertien dae deur die sendeling van die destydse Sendingkerk (tans die Verenigende Gereformeerde Kerk) sou bywoon en volwaardige lidmate van hulle kerk kon word.

"Twee van die plaasarbeiders het 'n groot indruk op my gemaak. Die een was Charlie wat nie kon lees of skryf nie, maar tog elke Sondag die ander werkers in 'n erediens gelei het. Sy nefie het uit die Bybel voorgelees en dan het Charlie gepreek. Ek en Charlie moes soms in die veld vir my pa wag om ons te kom oplaai en dan het ons elkeen op 'n klip gaan sit. Charlie het dan gewoonlik ook 'n derde klip nader gesleep – as 'n sitplek vir Jesus.

"Die ander een was Willy, wat vandag nog 'n vriend van my is. Hy is nou 'n pastoor in Griekwastad met 'n eie gemeente."

Na skool het Johan 'n beroep in die onderwys gevolg en was ook vir 'n tyd lank verbonde aan die Noord-Kaap Tegniese Kollege. Gedurende daardie tyd het 'n medewerker van Arbeidsbediening, oom Van Tonder, die studente gereeld kom toespreek. Hy het so 'n groot invloed op Johan gehad dat Johan besluit het om ook eendag by Arbeidsbediening betrokke te raak.

Activities at Kalk Bay Harbour

Marvin Petersen is very excited about the ministry at Kalk Bay Harbour so far:

"It's truly been a great opportunity to share the Gospel and build relationships with people living here in the Kalk Bay area. There have, however, been challenges and disappointments, but through it all God has been faithful in every way.

"By serving tea and coffee to our visitors at the Biblia kiosk daily, it gives us the opportunity to minister and build relationships in various ways.

"On Fridays we have Women's Bible study, with Veronica from BI (Bible Institute) leading the sessions. The soup kitchen renders a valuable service on Wednesdays at two in the afternoons. Debbie Hanner from the Anglican Church in Kalk Bay is of great assistance with this initiative.

"One beautiful Sunday afternoon we held an open air service on the harbour. Students from the Bible Institute and Corner Stone Baptist Church attended the service. We also had the opportunity to distribute some Gospel tracts and share the Good News to those on the harbour.

"We praise God that He cares for us and blesses us in every way."

Contact Marvin Petersen at 021 788 2469 / marvin.spetersen@gmail.com

Arbeidsbediening herleef in Springbok

Gemeenskappe is so goed en gesond soos hulle leiers is. En as dit die géestelike leiers is, soveel te beter. As 'n gemeenskap se geestelike leiers dan nog boonop vanuit verskillende geloofsgemeenskappe handevat, sit mens sommer regop. Dit is mos wat ons mooi land nou bitterlik nodig het.

Op Springbok het vyf verskillende kerkgroepe, naamlik die AGS, APK, Shofar, NGK en VGK se leiers onlangs saam met hulle gemeentelede besluit om Arbeidsbediening weer te laat herleef in hulle dorp.

Arbeidsbediening is 'n ekumeniese Artikel 21-maatskappy (IMSA) - 'n diensarm van Christelike kerke wat alle mense in die werkplek landswyd ondersteun. Hulle werk alreeds in ses provinsies, en fokus op Biblia Hawesending, Handel & Nywerheid, Transnet, en Vissers.

Op Springbok word die Woord al 'n geruime tyd in werksplekke deur lidmate en geestelike leiers bedien, maar daar het nie meer 'n gestruktureerde Arbeidsbedieningsaksie op die dorp bestaan nie. Dit gaan nou hervestig word.

Na gelang van behoeftes gaan werknemers en/of bestuurders toegerus word om die Woord van die Here in hulle werkplek te bedien. Daar is ook vrywillige werkers wat graag self met die nodige toerusting en hulpmiddels, die Woord wil verkondig en pastorale hulp in werksplekke gaan verleen.

Arbeidsbediening is aanvullend tot enige gemeentebediening en help juis om die Sondagboodskap van die leraar van 'n Maandag tot 'n Sondag na die werkplek te bring. Arbeidsbediening is die “hande en voete” van die gemeente, 'n **verlengstuk van getuie-wees** waarsonder gemeentes nie kan nie…

Kontak Steyn McCarthy by 027 712 1429 / ngkerknam@kingsleymail.co.za

Sharing the Good News – from Cape Town to the wide, wide world!

"Can we be born again?"

My answer was a revelation for the Muslim man who sat opposite me in the Biblia kiosk, Cape Town Harbour. While I explained the gospel to this seafarer, five others, all from Bangladesh, also listened attentively while I answered this question.

We get many such opportunities (spiritual encounters provided by God) to share the Good News in this manner. More and more I find that there is an ever-growing interest in the gospel. As a result, our harbour ministry becomes extremely important and even essential to these seafarers.

It is also touching to know that our ministry plays an important role in spreading the gospel from Cape Town to the rest of the world. It benefits especially those who may not speak freely about the Gospel in their own countries.

It gives us much joy to distribute literature, especially the Bible, from which people can learn more themselves. The distribution of Bibles in different languages is very important in this regard.

I also try, where possible, to keep in touch with the seafarers and their families. This is one of the most rewarding aspects of our mission - to hear from those with whom I had contact.

Over the years the authorities have had a positive attitude towards us and we have always easily obtained the necessary permission from them to visit the ships.

Please pray that these permits will continue to be awarded. Without permits this important ministry, for which there is still a need, cannot be done.

Contact: Robert Wileman at 021-421 2328

Blackie Swart from PAK, Mosselbaai with Griet Boshoff (above) and Louisa Boshoff (right)

Industrial Ministry pays tribute to their volunteers

The Mossel Bay branch of Industrial Ministry, concerned with sharing the gospel in the workplace, had their annual meeting at the Hartenbos Bowling Club on Thursday, 23 February.

Business people and other volunteers involved in this ministry enjoyed a good time together at this special event. Jaco Kriel of Klerksdorp was the speaker at the occasion and inspired the audience with his motivational speech.

Two female volunteers, Griet Boshoff and Louisa Boshoff, were both honoured for twenty years of dedicated service in sharing the gospel as members of Industrial Ministry.

The event was attended by about 120 guests.

Contact Pierre Lamprecht at 044 690 6003 / arbeidsbedieningmsb@gmail.com

Totsiens aan Carol en Wilhelmien.

Na baie jare van toegewyde en lojale dienste aan Arbeidsbediening, neem ons hierdie jaar afskeid van twee groot staatmakers.

Carol Petersen was vir 22 jaar werksaam as administratiewe hulp by die fasiliteringskantoor in Bellville en Wilhelmien Gieljomie het vir 19 jaar by Transnet se Pastorale Sentrum op Kaapstadstasie diens gedoen. Hulle albei maak aan die einde van Mei 2012 met hulle dienste klaar.

Baie dankie vir julle toewyding en lojaliteit waarmee julle werk elke dag gedoen is en dankie vir jul spesifieke raak aan ons menswees.

Mag julle lewenspad vorentoe 'n vrolike avontuur wees.

Carin Brink, Streeksbestuurder: Abeidsbediening

Wilhelmien Gieljomie

Carol Petersen

Buffelsjagsrivier se lekker Vrydagoggende

Vir sowat twintig van Buffelsjagsrivier se afgetredenes is Vrydagoggende een van die week se hoogtepunte. Van vroeg-oggend af word daar van oraloor voet-geslaan na die Silwerkruinklub wat al sedert 1999 met Arbeidsbediening se hulp bestaan.

Silwerkruin is 'n klub wat in die lewe geroep is vir afgetrede plaasarbeiders, sodat hulle hulle waarde in die same-lewing kan besef. Die lede kies aan die begin van elke jaar 'n komitee en 'n voorsitter wat onderwerpe vir die jaar kan voorstel. Hulle moet ook hulle lede aanmoedig om die byeenkomste by te woon.

Aan die einde van jarelange arbeid is hulle nou hul eie baas en is tyd aan hulle kant. Tydens so 'n byeenkoms op 'n Vrydagoggend is daar geen haas nie en word daar eers lekker gekuier en gesels om 'n koppie tee. Baie van die nuus-brokkies is skreeusnaaks en daar word dikwels geskaterlag. Hulle versier ook dikwels self die koek vir die teedrink-sessies.

Nadat daar eers behoorlik gekuier is, word daar 'n kort boodskappie uit die Bybel gebring, of 'n Bybelgedeelte gelees. Sodoende kry diegene wat nie kan lees nie, ook die geleentheid om die Woord te hoor en hulle bydraes te maak. Die oggend word dan afgesluit met voor-bidding vir die broodwinners en persone in nood.

Die Silwerkruinklub is 'n ligpunt in die lewe van hierdie groep senior burgers – oupas en oumas wat die kosbare boodskap van hoop wat hulle by die klub gehoor het, na hulle huise en gemeenskappe kan neem.

En nie net is dit vir húlle 'n ligpunt nie, maar ook vir die geestelike werker van Arbeidsbediening wat telkens deur hierdie groep besondere mense se opregtheid en geloof versterk word.

Kontak Andries Truter van Swellendam by 028 514 1818 / apiegee@telkomsa.net

Small Miracles



Small miracles often affect one's life enormously. Marvin Petersen shares the following story with us:

"One of the guys living in the shelter at Kalk Bay recently came down to the harbour, very worried. He told me that he has been living in the Kalk Bay shelter for more than seven years and loved it there, until he got the sad news that the supervisor had decided to relocate him.

"He then asked me to pray about this matter because he loved it in Kalk Bay. We then prayed and asked God to grant him the desires of his heart and, if it were His will, for him to stay for now.

"The next morning this man came to the Biblia kiosk again, but this time with a huge smile on his face. He said, 'Brother, you won't believe me – just after we prayed yesterday, I went down to the shelter and as I entered the gate, the supervisor said she had been looking for me. They wanted to postpone my relocation! This means I can stay there longer. Brother, God is good! And so quick – He answered our prayer! God is really good!' "

Contact Marvin Petersen at 021 788 2469 / marvin.spetersen@gmail.com

IMPAK se S.O.S.-program in Aksie

Die onlangse aanbieding van IMPAK se **Steun Ons Samelewing-program** het nuwe momentum aan 37 huidige en toekomstige leiers van die VGK Delft-gemeente gegee.

Met die praktiese en finansiële ondersteuning van die NG Kerk La Rochelle-gemeente, *Bright Star* se *Bright Africa Trust* en Santam Versekering het ons fasiliteerders die voorreg gehad om hierdie talentvolle groep leiers in die *Bright Star*-program vir *Skitterende Leierskap* op te lei.

Die kursusgangers se ouderdomme het gewissel van so jonk as 14 tot 'n meer rype 54 jaar oud. Die aanbieding het in November 2011 afgeskop en is om praktiese redes op Saterdae gehou.

Die kursusgangers is in drie gemengde groepe ingedeel en elke groep moes drie modules, naamlik: ***Skitterende Self***, ***Skitterende Verhoudings*** en ***Skitterende Leierskap***, deurloop. Elke module beslaan 'n volle dag se opleiding en dek 'n inleidingsgedeelte en vyf teoretiese en praktiese temas. Dit het meegebring dat ons minstens nege beskikbare Saterdae moes vind wat by almal se skedules kon inpas.

Ds. Willie Viljoen het die ***Skitterende Self***, ds. Jannie Booysen die ***Skitterende Verhoudings*** en Sakkie Botha die ***Skitterende Leierskap*** as fasiliteerders hanteer. Ds. Jannie Booysen hanteer, as gemeenteleraar, al die mentorsessies onder toesig van Sakkie Botha as sy supervisor.

Sodra dié proses afgehandel is, beplan ons om die hele groep se sertifikate, tydens 'n spesiale erediensgeleentheid in die VGK Delft-gemeente se kerksentrum te oorhandig.

Ons het die gemeente van Delft uitgedaag om 'n groep leiers uit 'n volgende gemeente te identifiseer en te "borg" – ons sien met groot afwagting uit na hulle reaksie op hierdie uitdaging.

Ons beoog ook verder om minstens twee "oop" *Bright Star*-programreekse in 2012 aan te bied wat ons onder ons Handel en Nywerheids-"kliënte" en ander belanghebbendes bekend sal stel en bemark.

Kontak gerus vir Sakkie Botha van IMPAK by impak@kaapkerk.co.za

Kursusgangers tydens die opleiding

Seed on good soil

In 1993 the Lord convinced Emi Krugman, one of three directors of Galvatech (a galvanising factory in Bellville South) to serve their casual workers with the Word every day at work.

This would give these workers an opportunity to hear about God's love for them. It was possible that they had never been exposed to the Gospel, and this would give them the chance to be touched by the Holy Spirit.

In the photo far right is one of the casuals who was deeply touched by God during one of these devotion assemblies. One Wednesday Rev. Willie Viljoen delivered a special message and made a strong appeal on the workers to surrender their lives to Jesus. This man was one of a large group of workers who were all moved by the message.

Thanks to the opportunity that Industrial Ministry has to serve these factory workers, this man could hear about God's love for him for the first time in a long time.

We believe it was seed sown on good soil!

Contact Willie Viljoen at 021 829 6523 / willie.v@telkomsa.net

Neem die Boodskap uit die kerkgebou na buite!

"Kerkwees" is besig om vinnig te verander. Dit beweeg weg van die kerkgebou na die gemeenskap rondom ons – anderkant mensgemaakte skeidslyne soos kultuur- en klasgrense heen.

Daarom is dit nodig dat ons by Arbeidsbediening by hierdie verandering moet aanpas. Ons moet dit wat binne-in die kerkgebou verkondig word na buite neem. Die verhouding tussen Arbeidsbediening en die kerk (alle geloofsgemeenskappe) is dus van baie groot belang.

Gemeentes moet ons duideliker hoor en in vennootskap ons help om hulle hande en voete in die wêreld daar buite te wees! Ek deel graag die volgende as voorbeeld:

Gedurende Mei 2011 het die NG Kerk van Bellville-Uitsig die Sondag-erediens aan Arbeidsbediening gewy. Die diens het gefokus op die bediening in die werkplek en die werksaamhede van Arbeidsbediening. Hierdeur wou die gemeente die bewustheid skep dat Arbeidsbediening 'n ou bestaande bediening is wat her-fokus om by die behoeftes van die hedendaagse moderne samelewing aan te pas.

Willie Viljoen, wat tans van fabriek tot fabriek beweeg en werkplekbedieninge vestig, het die erediens waargeneem en kon prakties demonstreer hoe ons die evangelie op die markplein verkondig. Sy boodskap is gebring deur middel van 'n verhaal, wat ook die manier is waarop Willie die fabriekwerkers bereik en hul harte aanraak.

Tydens die erediens het Sakkie Botha, bestuurder van IMPAK, die geleentheid gekry om hulle werksaamhede met die gemeente te deel en daardeur vir hul 'n kykie te gee na die plekke waar IMPAK reeds betrokke is.

'n DVD wat die werksaamhede van Arbeidsbediening in die Wes-en Suid-Kaap opsom, is vertoon sodat die gemeentelede die volle omvang van die bediening kon sien.

Daarna is al die persone wat by Arbeidsbediening betrokke is, versoek om vorentoe te kom en is daar vir hul werksaamhede gebid. Met hierdie gemeentelike voorbidding is alle Arbeidsbedieningswerkers met die Here se sëen uitgestuur.

Kom, word asseblief ons vennoot in hierdie groot uitdaging om die wêreld 'n beter plek vir almal te help maak, veral in die werkplek.

Kontak Carin Brink by cbrink@kaapkerk.co.za.
Lees ook hulle webwerf www.arbeidsbediening.co.za